ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Mei 2023

## BRIEF AAN MY SUSTER

‘n Vrou het saam met haar Ma tee gedrink. Terwyl hulle oor die lewe en volwassenheid gepraat het, het die ma gesệ: “Moet nooit jou susters vergeet nie! Hulle sal mettertyd baie belangrik word. Maak nie saak hoe lief jy jou man en kinders het nie, jy gaan jou susters nodig hệ.” Onthou wanneer ek praat van jou susters, bedoel ek alle vrouens wat aan jou geheg is. Soms moet jy hulle kontak, dalk saam met hulle uitgaan, dinge met hulle doen, want eendag sal jy hulle nodig hệ. Die vrou het daardie woorde in haar toegesluit. Sy het kontak met haar susters behou.

Sy het deur die jare baie vriende gemaak. Sommige het gekom en gegaan, maar mettertyd het sy verstaan wat haar ma bedoel het. Die wệreld, tyd, natuur en lewe bied hul veranderinge en raaisels in ‘n vrou se lewe, maar jou ware susters bly altyd. Na al die jare wat ek op aarde geleef het, het ek geleer dat:
tyd gaan verby; die lewe gebeur; kinders word groot; afstand skei; passie neem af; die hart breek; ons ouers sterf; gunste word vergeet; loopbane eindig,

MAAR
Jou susters is altyd daar, maak nie saak wat die afstand tussen julle is nie. ‘n Suster is nooit te ver om te bereik nie. Wanneer jy alleen deur ‘n eensame donker vallei moet stap, sal die suster van jou lewe om jou wees, jou bemoedig, vir jou bid, jou druk, vir jou ingryp en met ope arms vir jou wag by die einde van die pad,
Hulle sal langs jou loop….. of selfs jou vrag dra, Ouma’s, ma’s, susters, kleindogters, niggies, tantes, skoonma’s, skoonsusters en vriende.

Hulle is almal jou susters, en hulle is God se seën in die lewe.

(HV)

## APARTMENT CARPORTS

Each apartment was sold with a carport as part of the package. The carports are numbered according to the apartment number and are also indicated on a map at reception.

If an apartment resident do not have a vehicle, the following can be done with the specific carport:

-You can keep it empty for your visitors to park when they come to visit you.

-You can rent it out to any other resident who wish to have a second carport for a second car.

-You can allow any resident to park on your empty carport free, after you gave permission.

-However, remember, when you make use of a carport of another resident, and that resident pass away, move out or move to another apartment, **that agreement stops**.

-You are not allowed to let outsiders-even family- use your carport to store a trailer or Landrover or caravan for a long period of time, unless you have written permission from Management.

## APARTMENT BALCONIES

We want to create an environment where your loved ones will enjoy visiting you, therefore a few rules apply to the open balconies of the apartments:

-No clothing is allowed on the balconies, even on drying racks.
-No carpets allowed on the balcony rails for drying.
-No cleaning materials like a bucket and mop, brooms.
-No filing cabinets, ladders/steps, containers with storage items.
-No washing/clothing is allowed to be hung in front of windows.

The following is allowed on a balcony:
-A table and chairs
-A few durable pots with plants. No pots are to be placed on the balcony rail or sides.

-Be careful when watering your plants to prevent overflow on the balcony below you.

# HOE GAAN DIT?

Wanneer jy iemand op straat raakloop, word daar mos gewoonlik gegroet.As jy graag tien-teen-een ‘n liegstorie wil hoor, vra dan net vir die persoon hoe dit gaan. Natuurlik is die antwoord “Goed dankie” al gaan dit ver van goed af.

Hier volg ‘n paar komiese antwoorde op die vraag:
1.Baie goed- ek het vanoggend darem mos bo die grond wakker geskrik.
2.Wel, opgestaan en self aangetrek.
3.Ek het mooi opgestaan en my ou stokke dra my nog.
4.Nie te goed nie…ek het soveel pyne dat ek nie eens plek het vir almal nie.
5.Ag my vriend, ek kla nie oor my pyne nie, want ek kry dit verniet.
6.Dit gaan baie goed, elke pyn is op sy regte plek.
7.Ek hou links en gaan regs verby.
8.Ek is darem nog padwaardig,maar moet net nie my “bonnet” oopmaak nie.
9.Wel,wel,wel ek kners op my agtertande en glimlag met my voortande.
10.Ek drink uit die piering, want die beker loop oor van blydskap.
11.Vandat ons laas gesien het, het ek nog nie nuwe vars klagtes bygekry nie.
12.Ek voel vandag soos ‘n kriek wat Doom ingekry het, ek beur al na die een kant toe.
13.Ek voel soos ‘n appelkis wat met swak spykers aanmekaar geslaan is.
14.Dit gaan op-en-af en heen-en-weer soos met ‘n bak jellie wat onrustig is.
15.Ditgaan tussen sleg en verskriklik.
16.Ek druk maar deur al maak dit seer.
17.My punte lệ maar laag.
18.Nee, vandag is ek nie Daan nie, ek is gedaan.
19.Ag my maat, my enkels is geswel, my knieë pyn verskriklik, my heupe gee probleme.. en deesdae is my nek en my rug ook nie so lekker nie, en dan is ek nog siek ook.
20.Opdraand, maar darem vorentoe.

(JJM)

# IN GESPREK MET… (39) Chantelle

Chantelle Roberts-York, gebore Steyn, in Middelburg, maak matriek in Krugersdorp, HS Noordheuwel. Deur die jare het sy o.a. Besigheidsbestuur en Binnenshuisversiering studeer en selfs haar eie bloemistewinkel besit. In 2013 trou sy met Edrick, 'n promosiebestuurder en hulle het 'n seuntjie Dean, 10jr oud en in Laerskool Zwartkop. Sy hou van lees en skilder en sy en haar man ondersteun die Sharks.

Edrick het intussen nuwe weivelde in Amerika ontdek en werk tans in Minnesota op 'n groot groep plase en is verantwoordelik vir die meganiese hersiening en onderhoud van die plaastoerusting.

Chantelle het verlede jaar haar N5 in Finansiële Bestuur behaal, sal volgende jaar daarmee voortgaan en dan ook klaarmaak.
Sy het 6 jaar gelede by Csi aangesluit as administratiewe assistent by Eldoraigne Aftree Landgoed en is op 1 Julie 2022 bevorder tot Assistent Bestuurder. Haar pligte behels onder meer dat sy die Algemene bestuurder bystaan met alle take waarvoor hy verantwoordelik is, en om waar te neem as Algemene bestuurder wanneer hy nie op die terrein is nie.

Sy en haar man het 'n wonderlike verrassing gekry, en soos almal nou al weet, is Chantelle swanger. Haar dogtertjie Bailey word DV gebore op 20 Mei 2023. Chantelle sal weer haar dienste by die Landgoed hervat op 2 Oktober 2023

'n Babatee is gehou op 15 Maart, georganiseer deur Marina Griessel en bygewoon deur 'n groep inwoners. Sien foto's op die volgende bladsy.


Die HEV en Bestuur wens hulle alle voorspoed toe met hierdie bondeltjie vreugde wat op pad is.



Samsung Quad Camera







ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
30 mins
Fitness and STRETCH classes
Monday, Wednesday and Friday mornings
• We will accommodate men and ladies with any standard of mobility
• Wear comfortable clothing and shoes
• Bring a towel and water
Enquiries
Ronnie@waynesgym.co.za
France@waynesgym.co.za
WAYNE'S GYM
BODIES by Ronnie
BossBabe Fitness by France
Inspiration • Motivation • Health & Fitness
(012) 653 2960
073 803 9818

ADVANCED HEARING
AUDIOLOGY

Goeie Dag

Vir die maand van Mei 2023 bied Advanced Hearing ‘n gratis basiese gehoortoets, asook tot en met R8000 afslag op ‘n stel gehoorapparate.

Om ‘n afspraak te maak, skakel ons gerus op **012 111 7272** of stuur ‘n Whatsapp na **084 293 2855.**

Vriendelike groete,

ADVANCED HEARING
AUDIOLOGY

**Lezahn Louw**
Audiologist & Practice Manager

**phone:** +27 12 111 7272
**mobile:** +27 84 293 2855
**email:** lezahn@centurionaudiologist.co.za

First Floor Suite 14 | @Health Medical Centre
258B Jean Avenue | Die Hoewes | Centurion | 0163



Chris Snyman van woonstel 1125 het Maandag 3 April die rype ouderdom van 94 gevier.

Hy en sy vrou, Eleanor, het saam met vriende en familie hierdie wonderlike prestasie in die sitkamer gevier , met heerlike versnaperings voorgesit deur Eugene van die kiosk.

Chris het na sy studies aan Wits, tot sy aftrede as tandarts op Tzaneen gepraktiseer,  waar hy ook sy vrou ontmoet het.

Hierdie foto's is deur hul dogter Dorette geneem, wat ook vir die tafelrangskikking  met sy vrolike sonneblom-motief gesorg het.



## MEDIES : WAT IS ‘n BLOEDKLONT ?

Die stolling van bloed in ‘n aar, gewoonlik die beenare. Dit bestaan uit ‘n netwerk van die proteïen, fibrien, waarin verskeie bloedselle vasgevang word. Diepaartrombose (DVT) word gekenmerk deur pyn en swelling van die kuit, maar dit kan ook teenwoordig wees sonder simptome. Dele van die bloedklont kan egter losgaan en met die bloedstroom deur die hart gaan en ‘n longslagaar verstop, wat die dood kan veroorsaak. Met die herhaalde losgaan van klein stukkies, kan die persoon later hartversaking kry.

Siekteoorsake: Moontlike beserings van die vatwand, infeksies, operasies, langdurige bedrus, spatare, vetsug, akute koronệre trombose, hartversaking, en ‘n verandering in die stolbaarheid van bloed. Dit kom meer dikwels by middeljarige en ouer persone voor, maar wel ook by jongeres. Gedurende ‘n lang reis, waar die persoon lank stilsit in een posisie, en waar die pompaksie van die spiere verminder, vloei die bloed stadiger, wat aanleiding tot trombose kan gee.

Aangetaste organe of sisteme: Gewoonlik word die are in die onderbene aangetas, maar soms ook in die bekken en armvate. Die been begin pyn en is drukteer, veral as die kuitspier ingespan word. Koors en ‘n algemene siek gevoel volg. Die been kan baie erg opswel indien behandeling uitgestel word, of as die are geheel afgesluit is en die ander are nie die bloed kan wegvoer nie.

Behandeling
-Bedrus met die voetenent van die bed effens opgelig.
-Verbind die been met verbande.
-Gee medikasie wat die bloed minder stolbaar maak.
-Indien nodig, is ‘n operasie nodig om die bloedklont te verwyder.

Voorkoming:
-Na operasies moet pasiënte vroeg met aktiewe oefening begin;
-wanneer ‘n lang reis onderneem word, moet die kuitspiere saamgetrek en die bene dikwels beweeg word.
-Stap dikwels,(elke dag!) al is dit met ‘n kierie, stapstok, loopraam of walker.

## LEWE OP DIE YS

Wie van ons het nog nooit gewonder oor die lewe en ervarings van lede van ekspedisies na die poolstreke nie? Watter navorsing word alles daar gedoen? Hoe hanteer 'n mens die koue? Watter diere ontmoet jy daar? En hoe lyk die Suiderligte?
Leer meer oor hoe die spanne saamgestel word, die verantwoordelikhede van elkeen, die seereis suidwaarts, die verblyf, etes, werksaamhede en gevare daar. En dan die tuiskoms.
Fred Clements, van Houtkapperstraat,en in die Landgoed bekend as veteraanatleet, was in sy jonger dae 'n jaar elk op Marioneiland en Antarktika. Hy kom vertel ons van sy avonture daar op Dinsdag 9 Mei om 10h00 in die saal tydens die Besprekingsgroep se byeenkoms. Alle inwoners word hartlik uitgenooi om dit by te woon.

## INSPIRASIE LEEF GOED EN RELEVANT

"Ons leef in 'n breindood sone,"waag ek dit terwyl my vrou en ek na 'n werklikheidsprogram kyk, en dit gebeur deesdae ook al hoe meer aan die geloofsfront.

Waag jy dit om vir iemand te sệ die Bybel bevat duidelike norme oor die een of ander saak, is jy outyds. Dan lệ die fout by jou wat moet bykom met moderne realiteite. Ek wil nie soos ou-dominee klink wat gedurig gemymer het oor die goeie ou dae toe mense blykbaar nog reg geglo en geleef het nie. Maar ek wil vir seker ook nie my beginsels uitverkoop aan kontemporệre groepsdruk en idees nie. Dis toe dat vroulief en ek vir mekaar sệ ons moet maar net aanhou om lief te wees vir die Here en mekaar. En om sy Woord te geniet en te gehoorsaam. Dan leef ons goed genoeg, reg genoeg en relevant genoeg. Dan is ons nie breindood nie. Ook nie hartdood nie.

(Stephan Joubert)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids wat deur die eienaar verskaf moes word. Dit kan per epos verkry word vanaf Ontvangs. Daar is ook 'n 32-bladsye boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige leefstylgids is nie.

29 Neels en Hannetjie Theron
97 Hermien Schenck
209 Johan de Bruyn
236 Walter en Henta Blackbeard
1137 Stienie Struwig
1138 Lulu Bezuidenhout
1140 Miems Nel

## KERKDIENSTE

Inwoners word vriendelik daaraan herinner dat daar **GEEN** kerkdienste op Woensdae gedurende skoolvakansie en op publieke vakansiedae sal wees nie.

Die volgende skoolvakansies:
23 Junie tot 18 Julie
29 Sept tot 10 Okt
Publieke vakansiedag:
Woensdag 9 Aug

## LIFE ON ICE

Who of us has never wondered about the life and experiences of members of polar expeditions? What research is done there? How do people adjust to the cold? Which animals can you expect to meet? And how do the Southern Lights look?

Fred Clements, well known in our Estate as a veteran athlete, spent a year each on Marion Island and the Antarctic continent in his youth. Learn more about how the teams were selected, their different duties, the sea voyage through the Roaring Forties, their life, meals, work, dangers and experiences on the ice. And then the homecoming.

Fred will tell us about his adventures there on Tuesday, May 9 at 10h00 in the hall. The Chat group invite all residents to attend this interesting presentation.


HAPPY
Mother's Day
ELDORAIGNE AFTREE LANDGOED
R1 295 000
2 slaapkamer / 1 badkamer / parkeer afdak / woonstel
R995 000
1 slaapkamer / 1 badkamer / woonstel / parkeer afdak
RUAN ERASMUS
071 481 6199
RUAN@CSISALES.CO.ZA
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
*Registered With The PPRA


Happy
Mother's
DAY
Eldoraigne
Retirement Estate
1 Bed Apartments
TO LET
FROM R 7 400 p/m
What our retirement villages can offer you:
24-Hour Care Center
Transportation Service
Medical Consulting Rooms
24-Hour Security Services
Stella Cloete
072 459 2230
*Registered with the PPRA
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions